Ds. H. Th. van Munster, *Feiten uit de Bijbel*, I. Het Oude Testament; *II, Het Nieuwe Testament*. J. H. Kok N.V., Kampen 1957.

Hierdie twee deeltjies, elk amper 100 bladsye klein formaat, is bedoel vir katkesasies en die godsdiensonderwys op hoër skole. Na elke les word dan ook 'n aantal vrae gestel. Hoewel die titel 'n sterk mate van objektiwiteit suggereer, kom tog omvermydelik by die behandeling van die inhoud van die Heilige Skrif 'n subjektiewe element te voorskyn. Die skrywer staan kennelik op neo-Calvinistiese grondslag. Dit blyk bv. uit die onbevange manier waaroor hy oor die „proefgebod" van Gen. 3 praat: 'n stukkie teologie wat 'n bepaalde interpretasie van daardie hoofstuk behels; in hierdie verband spreek hy ook daarvan dat die duivel „in een slang gevaren" tot die mens gekom het. Dis moontlik, maar 'n mens kan dit moeilik 'n „feit uit die Bybel" noem. So ook berus die Messiaanse interpretasie van Gen. 3:15 en 9:26 nie regstreeks op die woorde van die Heilige Skrif nie, maar op 'n bepaalde teologiese uitleg daarvan. 'n Ander voorbeeld van die teologiese invloed vind ons op I, p. 23, waar van die tien gebooie gesê word: „Het was dezelfde Wet, die God de mens had ingeschapen in het paradijs". Hoe weet die skrywer dit? Die Skrif vertel daar niks van nie. Dat die tempel-visioen van Eseg. 40–48 'n simboliese skildering van die Christelike Kerk sou wees, is ook 'n eksegetiese kunsgreep waartoe die Skrif self geen aanleiding gee nie. So skuil daar ook 'n hele stuk teologie agter die bewering op II, p. 24: „Wij moeten oppassen dat wij het koninkrijk der hemelen niet verwarren met de Kerk. De Kerk is de heilige vergadering van alle ware Christ-gelovigen; tot het Koninkrijk der hemelen behoren allen, die Jezus als Koning erkennen." Die vraag kom by ons op: Kan 'n mens Jesus as Koning erken en geen ware Christ-gelowige wees nie? Kan 'n mens 'n ware Christ-gelowige wees en Jesus nie as Koning erken nie? Bedoel die skrywer dat die eise vir die deelname aan die Koninkryk van die hemele ligter is as dié vir die lidmaatskap van die Kerk? Ek sou 'n boek waarin derglike uitsprake voorkom, nie graag in kinderhande sien nie.

A. van Selms